# NOVEEN TER VOORBEREIDING OP DIE HOOGFEES VAN PINKSTER



## 9 DAE VOOR PINKSTERDAG – DIE 1ste DAG

## GEBED OM LIEFDE

Heilige Gees,
U is die vuur van liefde wat aan ons geskenk is,
U verander ons in 'n nuwe skepping.

Bevry ons van elke vorm van liefdeloosheid,
teenoor onsself, ons naaste en alles waarmee ons besig is.

Bevry ons van alle angs vir God,
en leer ons hoe om onsself aan mekaar te gee,
soos Jesus dit gedoen het.

KOM HEILIGE GEES, SKENK ONS DIE GAWE VAN LIEFHÊ,
AL DIE DAE VAN ONS LEWE. AMEN.

© Die Oratorium Uitgewery | Amptelike goedgekeurde teks

# NOVEEN TER VOORBEREIDING OP DIE HOOGFEES VAN PINKSTER

## 8 DAE VOOR PINKSTERDAG – DIE 2de DAG
## GEBED OM VREUGDE



Heilige Gees,
U is die Gees van vreugde wat aan ons geskenk is,
U verander ons in 'n nuwe skepping.

Bevry ons van negatiewe gedagtes,
van gevoelens wat net verwarring bring,
van 'n manier van dink wat aanhoudend donker is,
van elke vorm van wanhoop,
van elke neiging tot dwaasheid.

KOM HEILIGE GEES, SKENK ONS DIE GAWE VAN VREUGDE,
AL DIE DAE VAN ONS LEWE. AMEN.

© Die Oratorium Uitgewery | Amptelike goedgekeurde teks

# NOVEEN TER VOORBEREIDING OP DIE HOOGFEES VAN PINKSTER

## 7 DAE VOOR PINKSTERDAG – DIE 3de DAG

## GEBED OM VREDE



Heilige Gees,
U is die Gees van vrede wat aan ons geskenk is,
U verander ons in 'n nuwe skepping.
Besiel ons met u warmte en u lig,
neem die oorsaak van alle onrus uit ons weg.

Bevry ons van elke vorm van haat,
van die neiging om verdeeldheid te saai,
van die genot van skinder en kwaadpratery.
Maak ons hart 'n plek waar God se vrede kan woon,
waar sy vrede bemin en gekoester kan word.

KOM HEILIGE GEES, SKENK ONS DIE GAWE VAN VREDE,
AL DIE DAE VAN ONS LEWE. AMEN.

© Die Oratorium Uitgewery | Amptelike goedgekeurde teks



# NOVEEN TER VOORBEREIDING OP DIE HOOGFEES VAN PINKSTER

## 6 DAE VOOR PINKSTERDAG – DIE 4$^{de}$ DAG

## GEBED OM GEDULD

Heilige Gees, U is die Gees van geduld wat aan ons geskenk is,
U verander ons in 'n nuwe skepping.
Bevry ons van alle ongeduld,
van nie-kan-wag-nie, asof enige gewag vrugteloos is.

Leer ons om onsself aan Christus te gee,
ook wanneer ons in donkerte rondtas of ons lewe dor voel.
Leer ons om op Hom te vertrou,
vas in die geloof dat alles in God se lig op die regte tyd goed sal uitwerk.
Leer ons om om met ons hart te bid, sodat ons van binne mag aanvoel
wat dit beteken om God se Wil te doen.

© Die Oratorium Uitgewery | Amptelike goedgekeurde teks



# NOVEEN TER VOORBEREIDING OP DIE HOOGFEES VAN PINKSTER

## 5 DAE VOOR PINKSTERDAG – DIE 5de DAG

## GEBED OM VRIENDELIKHEID

Heilige Gees,
U is die Gees van vriendelikheid wat aan ons geskenk is,
U verander ons in 'n nuwe skepping.

Bevry ons van alle wrok teenoor ons naaste.
Neem alle kwaadheid teenoor wie ook al uit ons weg.
Verlos ons van ons slegte humeur en ons suur gesig.
Leer ons om reg lief te hê en mekaar te aanvaar.
Skenk ons die sagte glimlag wat spreek van God se Liefde en Goedheid.

KOM HEILIGE GEES, VERWARM ONS HART
EN SKENK ONS DIE GAWE VAN WARE VRIENDELIKHEID, AL DIE DAE VAN ONS LEWE. AMEN.

© Die Oratorium Uitgewery | Amptelike goedgekeurde teks



# NOVEEN TER VOORBEREIDING OP DIE HOOGFEES VAN PINKSTER

## 4 Dae voor Pinksterdag – Die 6de Dag
## Gebed om GOEDHEID

Heilige Gees,
U is die Gees van goedheid wat aan ons geskenk is,
U verander ons in 'n nuwe skepping.

Gee dat die goeie in ons vrug sal dra,
en dat alles wat dit probeer verhinder opgelos sal word in God se lig.
Gee dat ons saamwees met mekaar
die goeie in mekaar sal laat ontkiem.
Bevry ons hart van slegte gewoontes,
van alle neigings wat die goeie in ons teenstaan.

Kom Heilige Gees, gee ons 'n warm en goeie hart, ja,
skenk ons die gawe van goedheid, al die dae van ons lewe. Amen.

© Die Oratorium Uitgewery | Amptelike goedgekeurde teks



# NOVEEN TER VOORBEREIDING OP DIE HOOGFEES VAN PINKSTER

## 3 DAE VOOR PINKSTERDAG - DIE 7de DAG

## GEBED OM GETROUHEID

Heilige Gees,
U is die Gees van getrouheid wat aan ons geskenk is,
U verander ons in 'n nuwe skepping.

Kom in ons hart en trek ons in by die ja-woord van Jesus.
Besiel ons met dieselfde getrouheid wat Jesus teenoor sy Vader openbaar het.
Genees ons van twyfel en besluiteloosheid,
bevry ons van die fout om ons heil elders te wil soek as by die Heer.
Bevrug ons met u vuur sodat ons trou sal wees
aan almal wat ons vandag ontmoet; trou in die liefde.
Leer ons om dit nie alleen te wil doen nie, maar in eenheid met Hom,
wat beloof het dat Hy altyd met ons sal wees, Jesus, ons Broer.

KOM HEILIGE GEES, SKENK ONS DIE GAWE VAN GETROUHEID,
AL DIE DAE VAN ONS LEWE. AMEN.

© Die Oratorium Uitgewery | Amptelike goedgekeurde teks



# NOVEEN TER VOORBEREIDING OP DIE HOOGFEES VAN PINKSTER

## 2 DAE VOOR PINKSTERDAG – DIE 8ste DAG
## GEBED OM SAGMOEDIGHEID

Heilige Gees,
U is die Gees van vreugde wat aan ons geskenk is,
U verander ons in 'n nuwe skepping.

Bevry ons van negatiewe gedagtes,
van gevoelens wat net verwarring bring,
van 'n manier van dink wat aanhoudend donker is,
van elke vorm van wanhoop,
van elke neiging tot dwaasheid.

KOM HEILIGE GEES, MAAK ONS HARTE SAG EN MOEDIG,
SKENK ONS DIE GAWE VAN WARE SAGMOEDIGHEID AL DIE DAE VAN ONS LEWE. AMEN.

© Die Oratorium Uitgewery | Amptelike goedgekeurde teks



# NOVEEN TER VOORBEREIDING OP DIE HOOGFEES VAN PINKSTER

## DIE DAG VOOR PINKSTERDAG – DIE 9de DAG
## GEBED OM SELF-BEHEERSING

Heilige Gees,
U is die Gees van self-beheersing wat aan ons geskenk is,
U verander ons in 'n nuwe skepping.

Dit is soms nogal vreemd wat daar alles in ons gebeur:
Dikwels is ons meer lief vir die kwaad as wat God se liefde in ons koester.
Dit is amper asof onsself nie in beheer is van ons eie gevoelens en begeertes nie,
asof ons in die greep van iets boosaardig is.
Heilige Gees, bevry ons van alle duisternis en bring ons in God se lig, in sy warmte, in.
Leer ons om van binne na buite te lewe, om in God se nabyheid tot rus te kom.

KOM HEILIGE GEES, SKENK ONS DIE GAWE VAN SELF-BEHEERSING,
AL DIE DAE VAN ONS LEWE. AMEN.

© Die Oratorium Uitgewery | Amptelike goedgekeurde teks